## BOEKBESPREKINGS

DEGRAAFF, A.H. *Psychology: sensitive openness and appropriate reactions.* Potchefstroom, IBC. 23pp. R1,00.

Waar hou die psigologie as vakwetenskap op en begin die psigologie as toegepaste wetenskap, spesifiek psigoterapie? Waar is die grens tussen filosofiese besinning en psigologiese wetenskapsbeoefening?

— Dit is vrae soos hierdie wat by die mens opkom wanneer hierdie werk gelees word.

Dr. deGraaff benader die saak vanuit 'n ondubbelsinnig Bybelse standpunt, waar die mens gesien word as skepsel van God, 'n geestelike wese wat met gepaste sensitiwiteit moet reageer op die normatiwiteit van die lewe, op al die dimensies van die werklikheid soos geopenbaar in Gods Woord.

Hy kritiseer die tradisionele psigologie (meer die Amerikaanse benadering) omdat dit van 'n reduksionistiese mensbeeld uitgaan — 'n sterk biologies-evolusionistiese model, wat die vak verarm.

In die plek hiervan wil dr. deGraaff 'n psigologie sien wat die mens in sy volheid bestudeer — maar dan vanuit één dimensie, naamlik dié van sensitiwiteit.

Hy verduidelik betreklik volledig wat met terme soos "sensing" (gewaarwording), "feelings" (gevoel of gevoelsreaksies) en "emoting" (emosie of emosionele reaksies) bedoel word, en hoedat 'n nuwe bewussyn hiervan kan lei tot 'n sensitiewe oopheid vir, en tot toepaslike reaksies op die Skepping, onsself en ons medemens.

Dit geskied nie alleen met verwysing na psigoterapie nie, maar vind ook toepassing in ons ganse bestaan.

In die laaste bladsye word daar met insig besin oor psigologiese navorsing. Dr. deGraaff toon aan dat die psigologie nie 'n natuurwetenskaplike vak is nie, en dus nie die metodes van die natuurwetenskappe netso kan oorneem nie. Hy ontken nie die waarde van gekontroleerde laboratorium- en eksperimentele navorsing nie, maar wys ook daarop dat die psigologie van veel ander metodes gebruik moet maak om die waarheid te leer ken.

Dr. deGraaff wys daarop dat kennis van die waarheid onvoldoende is; ons moet dit ook met verantwoordelikheid uitleef in ons omgang met die werklikheid en met ons medemens.

Dit is duidelik dat dié stuk die produk is van rype ervaring en besinning oor die hele vraagstuk. Dit is waardevolle literatuur vir die psigologiese, filosofiese en teologiese boekery.

Ongelukkig is daar heelparty praktiese probleme met dr. deGraaff se benadering. Die eerste gaan om die verenging van die benadering tot die studie van die psigologie wat hy voorstaan.

Om dit te verduidelik, moet daar kennis geneem word van die werk van die praktiserende psigoloog. Hy kry te make met pasiënte met brein-, hormonale en ander mediese probleme, dwelmverslawing en alkoholisme, leer-, studie- en ander opvoedkundigeiteit, ongewenste gewoontes (byvoorbeeld naelsbyt, enurese...) — 'n sdaad, godsdienskonflkte, homoseksualhele spektrum van aanpassings-, gedrags- of persoonlike probleme. Hoewel ek sal toegee dat die uiteindelike doelstelling van psigoterapeutiese ingrepe is om die pasiënt sensitief oop te maak vir egte en toepaslike reaksies op die werklikheid, homself en andere, is dit ondenkbaar dat die psigoloog daarin sal kan slaag indien hy nie onderlê is in toepaslike verwante vakgebiede nie, of indien hy nie die vak psigologie bestudeer het met deeglike kennisname van hierdie verwante vakgebiede en die insigte wat hulle bied vir beter begrip van die totale mens nie.

Om die mens slegs vanuit die enger dimensie, soos deur deGraaff voorgestel, te bestudeer, kan 'n gevaarlike verarming van die vak teweegbring. Sy stellings dat die psigoloog nie leer-, ontwikkelings- en huweliksprobleme kan hanteer nie, aangesien dit op die veld van die opvoedkunde ("education in the broad sense") lê, dat onderwerpe soos leierskap en wedywering tot die terrein van die sosiologie behoort, en dat die studie van waardes, houdings en motivering ".. require training in the phenomenology of religion" is beslis aanvegbaar. Nog meer onjuis is sy stelling dat die grootste deel van die inhoud van die fisiologiese psigologie behoort tot en ononderskeibaar is van die veld van die (menslike) fisiologie. Dit getuig van 'n gebrek aan begrip van die doel en metodes, die hele wese, van die fisiologiese psigologie. Die reduksionisme van die tradisionele psigologie, waarteen hy kapsie maak, word, wel in 'n ander vorm, in sy eie benadering teruggevind. Dit is juis die multidimensionaliteit van die mens, waarvan dr. deGraaff so baie maak, wat 'n enkeldimensionele benadering in en tot die psigologie ongeldig maak.

Dit wil ook soms voorkom asof dr. deGraaff met 'n vooropgestelde model kom en dan daaruit wil voorskryf wat 'n vak soos die psigologie moet bestudeer. Hierdie is die ou-ou konflik tussen die vakwetenskaplike (met 'n gebrekkige filosofiese agtergrond) en die filosoof (met 'n gebrekkige vakkundige agtergrond). Hiermee word nie geïmpliseer dat dr. deGraaff 'n gebrekkige agtergrond in die psigologie het nie. Maar sy benadering is vanuit sy vakgebied, naamlik die teoretiese psigologie, wat, so het mens geleer, nie altyd wil rym met die benadering van praktiserende psigoloog nie.

'n Laaste probleem is dat dit nie altyd duidelik is of dr. deGraaff genoegsaam bewus is van die andersheid tussen die psigologie as vakwetenskap en die psigologie as toegepaste wetenskap of selfs beroep nie. (Ek verwys, soos dr. deGraaff, spesifiek na die psigoterapie). Dit is 'n probleem wat klaarblyklik wêreldwyd bestaan, hierdie vae onderskeid.

Die posisie is egter vandag dat, soos die geneeskunde 'n beroep is, met opleiding via talle toepaslike vakgebiede, die psigologie ook reeds 'n beroep geword het. 'n Skerper onderskeid (nooit skeiding nie!) tussen die vak en die akademiese beoefening daarvan enersyds en die psigologie as praktyk (terapie, in dié geval) andersyds, sal heelwat verwarring en onsuiwerhede in ons besinning oor die wese en doel van die vak uitskakel.

J.C. COMBRINK

FOWLER, S. 1980. *Issues in the philosophy of education.* Potchefstroom, IBC. 71pp. R2,00.

Die onderwysopset in Australië is heeltemal anders as dié in Suid-Afrika, maar stem in 'n groot mate ooreen met dié in die VSA en Kanada. In teenstelling met Suid-Afrika, waar die (Blanke) onderwys kragtens 'n wet Christelik móét wees, is die onderwys en die skole in hierdie ander lande neutraal of selfs sekulêr. Diegene wat nie daarmee gediend is nie, moet privaatskole vir Christelike onderwys stig en hierdie skole gedeeltelik of heeltemal onderhou terwyl hulle ook nog sekere ander voorskrifte van die owerheid (byvoorbeeld ten opsigte van standaarde) moet eerbiedig en nakom. Daar bestaan dus in hierdie lande 'n daadwerklike stryd om die staatskool so Christelik moontlik te kry. Verder is daar ook 'n stryd teen allerlei geestestrominge wat lol om die skool "al meer neutraal" te probeer hou, en wat die onderwys wil sekulariseer.

Ds. Fowler se boekie staan in die teken van hierdie stryd. Hy toon agtereenvolgens aan dat die neiging om die natuur- en die genaderyke in die onderwys te probeer sintetiseer en om die geloof en die wetenskap in die onderwys vreedsaam van mekaar geskei te hou prinsipieel verkeerd is. Hierteenoor is die beginsel van Christelik-religieuse antitese met die afvallige prinsipieel in orde, en op hierdie beginsel moet die Christelike opvoedingsfilosofie gebou wees. Hy dui voorts aan dat die progressivisme van die pragmatisme sowel as die essentialisme en perennialisme wat van die konserwatisme so kenmerkend is, in beginsel ook nie aanvaarbaar is nie.

In die laaste twee hoofstukke ontwikkel die skrywer 'n "eie filosofie" van die opvoeding. Hy maak daarin gebruik van die instrumentarium van die Wysbegeerte van die Wetsidee en is hiermee in goeie opvoedkundegeselskap. Van die prominentste Suid-Afrikaanse (Afrikaanse), Nederlandse, Kanadese (byvoorbeeld die Torontoskool), Australiese en Nieu-Seelandse opvoedkundiges benut die sistematiek en die terminologie van hierdie Wysbegeerte. Fowler is egter — en heeltemal tereg — nie daarmee getroud nie, maar gebruik dit bloot as 'n hulpmiddel. Die wyse waarop hy tot die grondmotiewe van die verskillende strominge in die opvoedingswêreld deurdring, is indrukwekkend en lesenswaardig — die geringe omvang van die boekie in ag genome.

Die boekie is van die standaardformaat wat nou reeds van die IBC se brosjure bekend geword het: 'n aantreklike voorkoms, met 'n prikkelende omslagmotief, sagteband, duursaam gebind (gekram), A5-bladsygrootte. Die afwerking is goed, maar dit hinder 'n mens dat sommige bladsye skaars meer as die helfte vol gedruk is (vergelyk pp. 55, 67, 69). Ook kom daar 'n aantal drukfoute voor, vergelyk kolletjies na "hoofstuk 5" in die inhoudsopgawe, "hever" in plaas van "never" (p. 25), "axiomatix" in plaas van "axiomatic" (p. 30), "normas" in plaas van "norms" (p. 49), en nog enkele ander klein foutjies. Die foutjies hinder die leser egter nie veel nie.

In die geheel beskou is die werkie die moeite werd om te lees, en elke opvoedkundige en ook onderwyser wat sy opvoedingstaak ernstig opneem, behoort dit te lees. Dit is in 'n gemaklike en vlot Engels geskryf, en die taal behoort geen Suid-Afrikaner te pootjie nie. Teen die prys van R2,00, waarteen die IBC dit beskikbaar stel, is dit 'n winskopie. Die boekie is werd om op 'n mens se boekrak te wees — en om so elke nou en dan herlees te word.

J.L. VAN DER WALT

SEERVELD, Calvin G. 1980. *Balaam's apocalyptic prophecies; a study in reading Scripture*. Toronto, Wedge Publishing Foundation. 74pp. $3.95 in Kanada.

Die geweldige oplewing van die belangstelling in Bybelstudie die afgelope jare is goed bekend. Die belang daarvan kan nie genoeg onderstreep word nie, juis omdat dit beklemtoon dat die Bybel nie 'n boek net vir spesialiste is nie. Die *claritas* (duidelikheid) van God se Woord is immers een van die basiese uitgangspunte van die reformatoriese gelowiges. Hiervolgens is daar nie so iets soos leke wat nie self God se Woord mag hanteer nie.

'n Behoefte wat voortspruit uit hierdie nuwe belangstelling in Bybelstudie is die aan studiemateriaal. Om maar net die Bybel te lees, is nie genoeg nie. Dit moet met insig gelees word en daarvoor is literatuur wat spesifiek vir die doel geskryf is 'n handige hulpmiddel. Calvin Seerveld probeer om in die behoefte te voorsien met studiemateriaal oor die profesieë van Bileam (Numeri 22-24). Hy gaan egter verder deur ook aandag te gee aan die metodiek van Bybelstudie. In 'n voorwoord gee hy 'n uiteensetting van sy voorondestellings en metodologie waarvan die bestudering van die betrokke Skrifgedeelte 'n toepassing is. Daarna word die Skrifgedeelte in nuwe vertaling gegee. Dit word opgevolg deur 'n bespreking van verskillende maniere waarop die Bybel benader word en 'n evaluering van die verskillende maniere om op die ou end te kom by die praktiese Bybelstudie volgens die metode wat deur Seerveld gepropageer word.

Seerveld neem sy uitgangspunt in artikel 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis waarin bely word dat die Bybel God se Woord is (p. vii). Hieruit lei hy vier basiese beginsels af waarmee elke gedeelte van die Bybel benader moet word:

1. Die gedeelte se plek in die geheel van God se openbaring moet raakgesien word;
2. Die literêre karakter van die gedeelte moet blootgelê word;
3. Die historiese agtergrond van die ontstaan van die gedeelte moet in gedagte gehou word; en
4. Op die knieë moet geluister word na die oortuigende, verligtende en rigting-gewende boodskap van die gedeelte (p. xiii).

Die verskillende maniere waarop die Bybel benader word, word kortliks geïlustreer aan die hand van die geskiedenis van Bileam. 'n Fundamentalistiese benadering sal klem lê daarop dat Bileam aan twee wêrelde gelyk wou vashou — die aardse en die hemelse — en dat hy daarom albei verloor het (pp. 16-19). 'n Neo-ortodokse, kritiese benadering sal wil gaan kyk wat agter die huidige verhaal lê. Op grond van sekere sake — soos byvoorbeeld dat God op een plek vir Bileam verbied om na Balak te gaan en op 'n ander dit toelaat — word die geskiedenis van die teks nagegaan. Die verhaal in sy huidige vorm stem nie met die oorspronklike gebeure ooreen nie. Die verhaal wil bloot net wys op die gevare wat Israel bedreig het, maar dat God dreiging in seën verander het. Verder wys hierdie verhaal dat 'n Heiden (Bilam) 'n instrument van die waarheid kan wees — en daarom moet die kerk nie meen dat hy die alleenreg op God se wysheid het nie (pp. 19-26). 'n Skolastiese benadering word gevolg wanneer gesoek word bloot na die leerstellige van die gedeelte. So byvoorbeeld sal Num. 23:19 gebruik kan word om die leerstuk van die onveranderlikheid van God te verdedig en die gedeelte oor die esel wat gepraat het om te wys op die werklikheid van wonders (pp. 26-31).

Die probleem met die fundamentalistiese benadering is dat dit net kyk na die praktiese waarde van 'n gedeelte en sodoende kyk na wat die geskiedenis van Bileam kan leer. Dit loop uit op moralisering en mis die punt dat dit God is wat Homself in die gedeelte openbaar (pp. 32-35). Die neo-ortodokse metode se wins is dat dit wys op die literêre aard van die Woord, maar dit gaan gebuk onder rasionalisme, humanisme en skeptisisme (pp. 35-42). Die skolastiese benadering reduseer die lewende Woord tot koud-geformuleerde dogmas. Dogma op sigself is inderdaad nodig, maar nie wanneer 'n mens begin om die Bybel te lees nie. Die skolastiese metode verhinder die direkte ontmoeting met God self in sy Woord (pp. 43-45).

Die eerste stap in Seerveld se benadering is om na die verhaal self te luister, in sy groter raamwerk. Die uittog van Israel en hulle oorwinningspad het vrees gebring. As gevolg daarvan wou die Moabiete deur die towerkunsies van Bileam Israel keer, maar op die ou end het hulle net ellende oor hulleself gebring (p. 46-50). Die hele gedeelte vertoon 'n eenvoudige literêre patroon en die tweede stap is om daarna te kyk. Die eenvoudige verhaal het egter 'n treffende manier om die konflikte in persone se gemoed ook duidelik te maak. Dit alles loop uit op 'n klimaks, 'n klimaks wat moet toon of God sy volk veilig gaan lei op die pad waarop hy hulle geplaas het. In hierdie sin is dit apokaliptiese gebeure wat wys op 'n stryd tussen God en Satan. Die afloop wys dat God inderdaad getrou was (pp. 50-53).

Met Israel was dit egter anders. Op Bileam se aandrang het die Midianiete begin om Israel te verlei deur hoerery, deur so afvallig te word van God. Dit was Israel se antwoord op God se trou, 'n antwoord wat dwarsdeur Israel se geskiedenis sou weerklink. Hulle was die volk wat God se heerskappy moes uitvoer. Deur hulle sou die seën oor die aarde versprei. Telkens het God weer en weer sy genade aan hulle bewys, net om dit telkens vertrap te kry (pp. 53-59). Die boodskap wat hieruit gehoor moet word, is dat God se teenwoordigheid 'n werklikheid is. Hy beskerm sy kinders van die listige planne wat teen hulle bedink word. Daarteenoor staan steeds die ontrou van die gelowiges. Die basiese boodskap van die gedeelte is dat die gelowiges tot 'n heilige afgesonderde gemeenskap geroep is om God se seën oor die aarde te versprei. Hierdie gemeenskap word gehaat, vervolg en bedreig, maar hulle taak bly. Om die taak uit te voer, moet die moderne Bileams uit die gemeenskap geban word, want met hulle pratery uit twee monde vernietig hulle God se volk. Wie sy taak gehoorsaam uitvoer, het reeds deel aan God se seën en rus (pp. 59-70).

Wat besonder tref in hierdie studie van Seerveld is sy poging om reg te laat geskied aan die Bybel as God se Woord wat in 'n sekere tyd sy ontstaan gehad het, waarvan die betekenis in die eerste plek daar gesoek moet word om daarvandaan die lyne na vandag deur te trek. Ook belangrik is die beklemtoning dat na hierdie Woord gehoorsaam geluister moet word. In aansluiting by die vorm-historiese rigting wil hy ook 'n oog hê vir die literêre vormgewing. Ongelukkig gee hy in die behandeling van die gedeelte slegs aandag aan stilistiese aspekte en nie aan die *genre* van die gedeelte nie. Dit is 'n besliste leemte. Tog is die poging as geheel geslaagd. Die tegniese versorging is ook goed en die werk kan aanbeveel word vir die persoon wat sy Bybel werklik wil lées.

H.F. VAN ROOY

VAN DER HOEVEN, J. 1979. *Wie doof is kan niet zingen.* Amsterdam, Buijten en Schipperhijn. 315pp. R20,15.

Die skrywer is regsgeleerde wat as sodanig nie net die reg nie, maar veral ook die mens van die reg in die fokus van sy belangstelling geplaas het. Hy maak nie 'n sistematiese en deurlopende studie van die mens nie, hy bied eerder flitsopnames van die mens en gee sodoende 'n groot verskeidenheid perspektiewe op die mens. Daarvoor maak hy nie net van sy eie indringende waarneming en sensitiewe aanvoeling vir die geestesaktiwiteite van die mens, gebruik nie, maar maak ook talle aanhalings uit bekende en minder bekende denkers oor die mens. Die beeld wat hy in 'n aantal hoofstukke uitwerk, is die beeld van die ontredderde mens in die moderne kultuursituasie van ons dag. Versier — en verdiep — deur passende aanhalinge uit poësie, skets hy die ondergang van die mens aan die hand van 'n groot verskeidenheid temas soos byvoorbeeld die sin en die oorsprong van die lewe, die probleem van liggaam en siel, maar veral ook die temas van die verhoudingsproblematiek: Die mens wat in sy verhouding tot homself geen ek is nie, want hy het

geen middelpunt nie, die mens wat in sy verhouding tot die ander geen menslikheid het om sy medemenslikheid mee te vul nie, die mens wat in sy verhouding tot die aarde nie bewaker en bewerker kan wees nie. Hy gaan ook op die psigologiese terrein die dreigende verval van die mens skets. Wanneer hy dan op dié manier in 'n aantal studies die beeld van die mens geteken het, gaan hy die aandag vestig op die Mens — op Jesus Christus, die beeld van God, "die eerste egte mens" (240). Buite Hom is die mens benede menslik. Hy behoort aan God en daarom tot 'n werklikheid waarvan die mens totaal vervreemd is. Maar juis daarom is Hy voorbeeldig: die ware beeld van die mens. En waardeur word Hy gekenmerk? Daarvoor kan byna net een woord gebruik word: Liefde. Daarom kan alleen 'n mens wat liefhet, mens wees. Alleen deur liefde kan een hom met die ander verenig, alleen deur die liefde kan mens lewe.

Ons het dit al gesê: Een deurlopende en sistematiese analise van sy probleem, die mens, bied die skrywer nie. Dit is momentopnames; brokstukke wysheid wat meditatief uit die hart vloei en die verstand van die leser nie koud laat nie, maar eerder ook sý hart op temperatuur kry. Dit is literatuur waarvan mens stukkie vir stukkie lees en met een sentrale spieëlbeeld van jouself genoeg het om oor te dink. Van harte aanbeveel — veral vir die ledige oomblikke om dié met sinvolle inhoud te vul.

J.A. HEYNS

VAN DER LINDE, G.P.L. 1980. *Calvyn se beskouing van kerkregering en kerklike tug.* Potchefstroom, IBC, 27pp. R1,50.

Hierdie werkie het 'n misleidende titel. Die titel skep die indruk dat dit gaan oor Calvyn se beskouing oor kerkregering en kerklike tug, maar sodra die werk ter hand geneem word, is dit duidelik dat dit gaan oor ander mense se siening van Calvyn se standpunt. 'n Hele aantal werke word in die verband behandel en 'n aantal wat die skrywer nie kan bekom nie, word vermeld. Van elke werk wat bespreek word, word volledige bibliografiese gegewens gegee, asook 'n samevatting en evaluering van die inhoud. Aan belangrike werke word breedvoerige bespreking gewy en aan kleiner werke slegs enkele opmerkings. Vir persone wat wil navorsing of leeswerk doen oor die reformatoriese kerkreg en kerkregering sal hierdie werk 'n goeie beginpunt wees waarvandaan leeswerk beplan kan word. Die werk het 'n beperkte doelstelling deurdat dit net sekondêre bronne bespeek. 'n Belangrike aanvulling sal wees 'n aanduiding van die belangrikste primêre bronne oor die onderwerp uit die werke van Cavyn self.

H.F. VAN ROOY